[redacted]


## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 10c Prys**
**Overseas 15c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

Vol. 46.] CAPE TOWN, 9TH APRIL, 1969. KAAPSTAD, 9 APRIL 1969. [No. 2350.



LIBRARY


DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 560. 9th April, 1969.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 34 of 1969: Abolition of Juries Act, 1969.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 560. 9 April 1969.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 34 van 1969: Wet op die Afskaffing van Juries, 1969.

# ACT

**To provide for the repeal of the laws relating to trial by jury in criminal proceedings and for other incidental matters.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 26th March*, 1969.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of superscription immediately following long title of Act 56 of 1955.

**1.** The superscription "ARRANGEMENT OF SECTIONS" immediately following the long title of the Criminal Procedure Act, 1955 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—
(*a*) by the deletion in the item "CHAPTER VIII" of the words "without a Jury"; and
(*b*) by the deletion of the item "CHAPTER IX".

Amendment of section 2 of Act 56 of 1955.

**2.** Section 2 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:
"(1) The provisions of every Chapter of this Act, except Chapters VI, VIII and XX, shall, unless any such provision is clearly applicable only to proceedings in a superior court, apply to all criminal proceedings in an inferior court.".

Substitution of superscription before section 109 of Act 56 of 1955.

**3.** The following superscription is hereby substituted for the superscription before section 109 of the principal Act:

"TRIAL BEFORE SUPERIOR COURT.".

Substitution of section 109 of Act 56 of 1955, as amended by section 2 of Act 9 of 1958, section 5 of Act 75 of 1959 and section 10 of Act 37 of 1963.

**4.** The following section is hereby substituted for section 109 of the principal Act:

"Criminal cases to be tried by a judge.

**109.** (1) In any criminal case pending before a superior court the accused shall, subject to the provisions of section 112 be tried by a judge of the Supreme Court as hereinafter in this section provided.

(2) The judge presiding at the trial may summon to his assistance any person who has, or any two persons who have, in the opinion of the judge, experience in the administration of justice, or skill in any matter which may have to be considered at the trial, to sit with him at the trial, as assessor or assessors.

(3) Before the trial the said judge shall administer an oath to the person or persons whom he has so called to his assistance that he or they will give a true verdict, according to the evidence upon the issues to be tried, and thereupon he or they shall be a member or members of the court subject to the following provisions:

(*a*) any matter of law arising for decision at such trial, and any question arising thereat as to whether a matter for decision is a matter of fact

# WET

**Om voorsiening te maak vir die herroeping van die wette met betrekking tot jurieverhore in strafsake en vir ander aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 26 *Maart* 1969.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van opskrif wat onmiddellik op lang titel van Wet 56 van 1955 volg.

**1.** Die opskrif „INDELING VAN ARTIKELS" wat onmiddellik volg op die lang titel van die Strafproseswet, 1955 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—
(*a*) deur in die item „HOOFSTUK VIII" die woorde „sonder Jurie" te skrap; en
(*b*) deur die item „HOOFSTUK IX" te skrap.

Wysiging van artikel 2 van Wet 56 van 1955.

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
„(1) Die bepalings van elke Hoofstuk van hierdie Wet, behalwe Hoofstukke VI, VIII en XX, is van toepassing op alle strafsake in 'n laerhof, tensy so 'n bepaling klaarblyklik slegs op 'n saak in 'n hoërhof van toepassing is.".

Vervanging van opskrif voor artikel 109 van Wet 56 van 1955.

**3.** Die opskrif voor artikel 109 van die Hoofwet word hierby deur die volgende opskrif vervang:

„VERHOOR VOOR 'N HOËRHOF.".

Vervanging van artikel 109 van Wet 56 van 1955, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 9 van 1958, artikel 5 van Wet 75 van 1959 en artikel 10 van Wet 37 van 1963.

**4.** Artikel 109 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Strafsake word deur 'n regter verhoor.

**109.** (1) In enige strafsaak voor 'n hoërhof aanhangig word die beskuldigde, behoudens die bepalings van artikel 112, deur 'n regter van die Hooggeregshof soos hieronder in hierdie artikel bepaal, verhoor.

(2) Die regter wat by die verhoor voorsit, kan een of twee persone wat na die oordeel van die regter ervaring het van die regspleging of bedrewe is in een of ander onderwerp wat moontlik by die verhoor oorweeg sal moet word, oproep om as assessor of assessors saam met hom by die verhoor sitting te neem.

(3) Bedoelde regter neem voor die verhoor van die persoon of persone wat hy aldus opgeroep het om hom by te staan 'n eed af dat hy of hulle 'n ware uitspraak ooreenkomstig die getuienis op die punte wat verhoor staan te word, sal gee, en daarop is hy of hulle lid of lede van die hof behoudens die volgende bepalings:

(*a*) enige regspunt wat vir beslissing by so 'n verhoor ontstaan en enige vraag wat daar ontstaan of 'n punt vir beslissing 'n feitepunt of 'n regspunt

or a matter of law, shall be decided by the presiding judge and no assessor shall have a voice in any such decision;

(*b*) the presiding judge may adjourn the argument upon any such matter or question as is mentioned in paragraph (*a*) and may sit alone for the hearing of such argument and the decision of such matter or question;

(*c*) whenever the presiding judge shall give a decision in terms of paragraph (*a*) he shall give his reasons for that decision;

(*d*) upon all matters of fact the decision or finding of the majority of the members of the court shall be the decision or finding of the court, except when only one assessor sits with the presiding judge, in which case the decision or finding of such judge shall be the decision or finding of the court if there is a difference of opinion;

(*e*) it shall not be incumbent on the court to give any reasons for its decision or finding on any matter under paragraph (*d*).

(4) If any such assessor is not a person in the full-time employment of the State he shall be entitled to a refund of any reasonable expenditure which he may have necessarily incurred in connection with his attendance at the trial and to such remuneration for his services as assessor as the Minister, in consultation with the Minister of Finance, may determine.".

Substitution of section 110 of Act 56 of 1955, as amended by section 9 of Act 92 of 1963.

**5.** The following section is hereby substituted for section 110 of the principal Act:

"Incapacity of assessor.

**110.** (1) If at any time during a trial an assessor dies or becomes in the opinion of the judge incapable of continuing to act as assessor, the judge may, if he thinks fit, direct that the trial shall proceed without such assessor.

(2) Where the judge has given a direction in terms of subsection (1) the trial shall proceed as if the said assessor had not been called by the judge to his assistance.

(3) If the judge does not direct as provided in subsection (1) the accused, unless already released on bail, shall remain in custody and may be tried again, but he shall have the same rights to be released on bail as upon an original committal for trial for the offence with which he is charged, and the court or the magistrate may in a proper case, as provided by Chapter VII, release him on bail accordingly.".

Amendment of section 112 of Act 56 of 1955, as amended by section 27 of Act 50 of 1956, section 1 of Act 18 of 1958 and section 10 of Act 92 of 1963.

**6.** Section 112 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*b*) of subsection (2) of the following paragraph:

"(*b*) Such special criminal court shall have jurisdiction to try any charge for an offence referred to in subsection (1) which may be made in the indictment lodged by the attorney-general in respect of the accused, and to sentence the accused, if convicted of such an offence, to any punishment that may by law be imposed therefor.".

Amendment of section 154 of Act 56 of 1955.

**7.** Section 154 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) If on the trial of a person charged with any offence before any superior or inferior court it appears that he is not

is, word deur die voorsittende regter beslis en geen assessor het enige stem by so 'n beslissing nie;

(*b*) die voorsittende regter kan die argumente op 'n in paragraaf (*a*) bedoelde punt of vraag verdaag en kan vir die verhoor van sodanige argumente en die beslissing van so 'n punt of vraag alleen sit;

(*c*) wanneer die voorsittende regter 'n beslissing kragtens paragraaf (*a*) gee, gee hy sy redes vir die beslissing;

(*d*) op alle feitepunte is die beslissing of bevinding van die meerderheid van die lede van die hof die beslissing of bevinding van die hof, behalwe wanneer slegs een assessor saam met die voorsittende regter sit, in watter geval die beslissing of bevinding van bedoelde regter die beslissing of bevinding van die hof is indien daar verskil van mening bestaan;

(*e*) die hof is nie verplig om enige redes vir sy beslissing of bevinding op enige punt kragtens paragraaf (*d*) te gee nie.

(4) Indien so 'n assessor nie 'n persoon in voltydse diens van die Staat is nie, is hy geregtig op terugbetaling van alle redelike uitgawe wat hy noodwendig in verband met sy bywoning van die verhoor gehad het en op die besoldiging vir sy dienste as assessor wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.".

Vervanging van artikel 110 van Wet 56 van 1955, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 92 van 1963.

**5.** Artikel 110 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Onbekwaamheid van assessor.

**110.** (1) Indien 'n assessor te eniger tyd gedurende 'n verhoor te sterwe kom of volgens die oordeel van die regter onbekwaam word om verder as assessor te dien, kan die regter na goeddunke gelas dat die verhoor sonder bedoelde assessor voortgesit word.

(2) Waar die regter ingevolge subartikel (1) gelas het, gaan die verhoor voort asof bedoelde assessor nie deur die regter opgeroep was om saam met hom sitting te neem nie.

(3) Indien die regter nie kragtens subartikel (1) gelas nie, bly die beskuldigde tensy reeds op borgtog vrygelaat, in hegtenis en kan hy weer op verhoor gestel word, maar het hy dieselfde regte om op borgtog vrygelaat te word as by 'n oorspronklike verwysing ter strafsitting vir die misdryf waarvan hy aangekla word, en die hof of die magistraat kan in 'n gepaste geval, soos in Hoofstuk VII bepaal, hom dienooreenkomstig op borgtog vrylaat.".

Wysiging van artikel 112 van Wet 56 van 1955, soos gewysig deur artikel 27 van Wet 50 van 1956, artikel 1 van Wet 18 van 1958 en artikel 10 van Wet 92 van 1963.

**6.** Artikel 112 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (*b*) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*b*) So 'n spesiale strafhof het regsbevoegdheid om enige aanklag van 'n in subartikel (1) bedoelde misdryf wat gemaak word in die akte van beskuldiging wat ten opsigte van die beskuldigde deur die prokureur-generaal ingedien word, te verhoor, en die beskuldigde, indien hy aan so 'n misdryf skuldig bevind word, te vonnis tot enige straf wat regtens daarvoor opgelê kan word.".

Wysiging van artikel 154 van Wet 56 van 1955.

**7.** Artikel 154 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Wanneer dit by die verhoor van 'n persoon wat weens 'n misdryf voor 'n hoër- of laerhof aangekla word, blyk dat hy nie regtens deur daardie hof beregbaar is nie,

properly triable by that court, the court may, at the request of the accused, direct that he be tried before some proper court and may remand him for trial accordingly.".

Substitution of section 155 of Act 56 of 1955.

**8.** The following section is hereby substituted for section 155 of the principal Act:

"Separate trials.

**155.** When two or more persons are charged jointly, whether with the same offence or with different offences, the court may, at any time during the trial on the application of the prosecutor or of any of the accused, direct that the trial of the accused or any of them shall be held separately from the trial of the other or others of them, and the court may abstain from giving a judgment as to any of such accused.".

Amendment of section 156*bis* of Act 56 of 1955, as inserted by section 51 of Act 68 of 1957 and amended by section 24 of Act 80 of 1964 and section 10 of Act 9 of 1968.

**9.** Section 156*bis* of the principal Act is hereby amended by the substitution for all the words preceding paragraph (*a*) of the following words:

"If two or more accused are charged jointly at a trial before a court established under section 2 of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), or at a trial before a superior court, with any offence, whether the same or different offences, and the court is, at any time after the commencement of the trial, satisfied upon application made in person by any such accused or his representative—".

Amendment of section 157 of Act 56 of 1955.

**10.** Section 157 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The prosecutor may at any trial, before any evidence is adduced, address the court for the purpose of explaining the charge and opening the evidence intended to be adduced for the prosecution but without comment thereon.";

(*b*) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) If, at the close of the case for the prosecution, the court considers that there is no evidence that the accused committed the offence charged in the charge, or any other offence of which he might be convicted thereon, it may return a verdict of not guilty."; and

(*c*) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) At the close of the evidence for the prosecution the proper officer of the court shall ask the accused, or each of the accused if there are more than one, or his legal representative whether he intends to adduce evidence in his defence and, if he answers in the affirmative, he may by himself or his legal representative address the court for the purpose of opening the evidence intended to be adduced for the defence but without comment thereon, and thereafter he or his legal representative shall examine his witnesses and put in and read any documentary evidence which may be admissible.".

Substitution of section 161 of Act 56 of 1955.

**11.** The following section is hereby substituted for section 161 of the principal Act:

"Adjournment of trial.

**161.** A trial may, if it is necessary or expedient, be adjourned at any time of the trial whether evidence has or has not been given.".

kan die hof op versoek van die beskuldigde gelas dat hy voor 'n bevoegde hof verhoor word, en sy verhoor dienooreenkomstig uitstel.".

Vervanging van artikel 155 van Wet 56 van 1955.

**8.** Artikel 155 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Afsonderlike verhore. **155.** Wanneer twee of meer persone gesamentlik aangekla word, hetsy weens dieselfde misdryf of weens verskillende misdrywe, kan die hof te eniger tyd gedurende die verhoor op aansoek van die aanklaer of van enigeen van die beskuldigdes gelas dat die verhoor van die beskuldigdes of van enigeen van hulle afsonderlik van die verhoor van die ander een of ander geskied, en kan die hof hom daarvan onthou om 'n uitspraak ten opsigte van enigeen van sodanige beskuldigdes te doen.".

Wysiging van artikel 156*bis* van Wet 56 van 1955, soos ingevoeg deur artikel 51 van Wet 68 van 1957 en gewysig deur artikel 24 van Wet 80 van 1964 en artikel 10 van Wet 9 van 1968.

**9.** Artikel 156*bis* van die Hoofwet word hierby gewysig deur al die woorde wat aan paragraaf (*a*) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„As twee of meer beskuldigdes by 'n verhoor voor 'n hof ingestel kragtens artikel 2 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), of by 'n verhoor voor 'n hoërhof, gesamentlik aangekla word weens enige misdryf, hetsy dieselfde of verskillende misdrywe, en die hof te eniger tyd na die aanvang van die verhoor op aansoek persoonlik gerig deur enige van die beskuldigdes of sy verteenwoordiger, oortuig is—".

Wysiging van artikel 157 van Wet 56 van 1955.

**10.** Artikel 157 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Die aanklaer kan by 'n verhoor, voordat enige getuienis aangevoer word, die hof toespreek om die aanklag te verduidelik en die getuienis in te lei wat beoog word om vir die vervolging aangevoer te word, maar sonder kommentaar daarop.";

(*b*) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Indien by afsluiting van die vervolging se kant van die saak, die hof van oordeel is dat daar geen bewys is dat die beskuldigde die misdryf wat in die aanklag ten laste gelê word of enige ander misdryf waaraan hy daarop skuldig bevind sou kan word, gepleeg het nie, kan die hof 'n uitspraak van onskuldig lewer."; en

(*c*) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) By die afsluiting van die getuienis vir die vervolging moet die bevoegde amptenaar van die hof die beskuldigde, of elke beskuldigde, indien daar meer as een is, of sy regsverteenwoordiger, vra of hy voornemens is om getuienis vir sy verdediging aan te voer, en indien hy bevestigend antwoord, kan hy self of deur middel van sy regsverteenwoordiger die hof toespreek om die getuienis wat hy voornemens is om vir die verdediging aan te voer, in te lei, maar sonder kommentaar daarop, en daarna moet hy of sy regsverteenwoordiger sy getuies ondervra en enige toelaatbare dokumentêre bewys inlewer en uitlees.".

Vervanging van artikel 161 van Wet 56 van 1955.

**11.** Artikel 161 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Verdaging van verhoor. **161.** 'n Verhoor kan indien nodig of dienstig, op enige tydstip daarvan verdaag word hetsy getuienis afgelê is of nie.".

**Act No. 34, 1969** ABOLITION OF JURIES ACT, 1969.

Amendment of section 164 of Act 56 of 1955.

**12.** Section 164 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) If the court finds that he is so capable, the trial shall proceed as in other cases."; and

(*b*) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) If the court finds that he is not so capable, the accused shall be dealt with in accordance with the provisions of section 28 of the Mental Disorders Act, 1916.".

Amendment of section 165 of Act 56 of 1955.

**13.** Section 165 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Every objection to an indictment for any formal defect apparent on the face thereof shall be taken by exception or by motion to quash such indictment before the accused has pleaded but not afterwards.".

Substitution of section 172 of Act 56 of 1955.

**14.** The following section is hereby substituted for section 172 of the principal Act:

"Trial on plea to the jurisdiction.

**172.** Upon a plea to the jurisdiction of the court, the court shall proceed to satisfy itself, in such manner and upon such evidence as it thinks fit, whether it has jurisdiction or not.".

Substitution of section 173 of Act 56 of 1955.

**15.** The following section is hereby substituted for section 173 of the principal Act:

"Issues raised by plea to be tried.

**173.** If the accused pleads any plea, other than the plea of guilty or a plea to the jurisdiction of the court, he is, by such plea and without any further form, deemed to have demanded that the issues raised by such plea shall be tried by the court.".

Amendment of section 176 of Act 56 of 1955.

**16.** Section 176 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*b*) of the proviso to subsection (2) of the following paragraph:

"(*b*) if the court considers that the accused is likely to be prejudiced thereby in his defence upon the merits, it shall reject such proof and the accused shall be deemed not to have pleaded to the charge.".

Amendment of section 180 of Act 56 of 1955, as amended by section 16 of Act 16 of 1959.

**17.** Section 180 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The amendment may be made on such terms (if any) as to postponing the trial as the court thinks reasonable.".

Amendment of section 183 of Act 56 of 1955.

**18.** Section 183 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) After all the evidence has been adduced, the prosecutor may address the court and thereafter the accused, or each of the accused if there are more than one, may by himself or his legal representative address the court.".

Amendment of section 190 of Act 56 of 1955.

**19.** Section 190 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) If the accused makes such a demand, the court shall record it and inform the attorney-general thereof, who shal thereupon deal with the case under the powers conferred upon him by section 79 (1), other than the powers conferred by paragraphs (*d*), (*e*) and (*f*) thereof and if he indicts the

**12.** Artikel 164 van die Hoofwet word hierby gewysig—
(*a*) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
„(2) Indien die hof bevind dat hy aldus in staat is, word die verhoor soos in ander gevalle voortgesit."; en
(*b*) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:
„(3) Indien die hof bevind dat hy nie aldus in staat is nie, word met die beskuldigde ooreenkomstig die bepalings van artikel 28 van die ,Wet op Geestesgebreken, 1916', gehandel.".

Wysiging van artikel 164 van Wet 56 van 1955.

**13.** Artikel 165 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
„(1) Iedere beswaar teen 'n akte van beskuldiging op grond van 'n op die oog duidelike formele gebrek daarin, word by wyse van eksepsie of by wyse van mosie om so 'n akte van beskuldiging nietig te verklaar, gemaak voordat die beskuldigde gepleit het maar nie daarna nie.".

Wysiging van artikel 165 van Wet 56 van 1955.

**14.** Artikel 172 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Verhoor by pleit teen regsbevoegdheid.

**172.** By 'n pleit teen die regsbevoegdheid van die hof, moet die hof homself op die wyse en deur middel van die getuienis wat hy goedvind, oortuig of hy regsbevoegdheid het of nie.".

Vervanging van artikel 172 van Wet 56 van 1955.

**15.** Artikel 173 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Geskilpunte deur pleit geopper, moet bereg word.

**173.** Indien die beskuldigde 'n pleit behalwe die pleit van skuldig of 'n pleit teen die regsbevoegdheid van die hof pleit, word as gevolg van die pleit, en sonder enige verdere formaliteit, geag dat hy geëis het dat die geskilpunte deur sy pleit geopper deur die hof bereg word.".

Vervanging van artikel 173 van Wet 56 van 1955.

**16.** Artikel 176 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (*b*) van die voorbehoudsbepaling by subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:
„(*b*) indien die hof van oordeel is dat die beskuldigde waarskynlik daardeur by sy verdediging ten opsigte van die meriete benadeel sal word, hy sodanige bewys verwerp en die beskuldigde geag word nie ten opsigte van die aanklag te gepleit het nie.".

Wysiging van artikel 176 van Wet 56 van 1955.

**17.** Artikel 180 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
„(2) Die wysiging kan aangebring word op die voorwaardes (indien daar is) met betrekking tot die uitstel van die verhoor wat die hof redelik ag.".

Wysiging van artikel 180 van Wet 56 van 1955, soos gewysig deur artikel 16 van Wet 16 van 1959.

**18.** Artikel 183 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
„(1) Nadat al die getuienis aangevoer is, kan die aanklaer die hof toespreek, en daarna kan die beskuldigde, of iedere beskuldigde, indien daar meer dan een is, self of deur middel van sy regsverteenwoordiger die hof toespreek.".

Wysiging van artikel 183 van Wet 56 van 1955.

**19.** Artikel 190 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
„(2) Indien die beskuldigde aldus eis, teken die hof dit aan en verwittig hy die prokureur-generaal daarvan wat daarop met die saak handel ingevolge die bevoegdhede by artikel 79 (1) aan hom verleen, behalwe die bevoegdhede by paragrawe (*d*), (*e*) en (*f*) daarvan verleen, en indien hy die beskuldigde aankla vir verhoor op 'n aanklag van

Wysiging van artikel 190 van Wet 56 van 1955.

accused for trial on a charge of any offence disclosed by the evidence taken at the preparatory examination, the accused shall be tried before a superior court having jurisdiction.".

Amendment of section 205 of Act 56 of 1955.

**20.** Section 205 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) A person who has been tried on a charge of having committed such an offence shall not thereafter be prosecuted for the offence so proved by the evidence.".

Substitution of section 248 of Act 56 of 1955.

**21.** The following section is hereby substituted for section 248 of the principal Act:

"Evidence of genuineness of disputed writings.

**248.** Comparison of a disputed writing with any writing proved to the satisfaction of the court to be genuine may be made by witnesses, and such writings and the evidence of any witness with respect thereto may be submitted to the court as evidence of the genuineness or otherwise of the writing in dispute.".

Substitution of section 256 of Act 56 of 1955.

**22.** The following section is hereby substituted for section 256 of the principal Act:

"Sufficiency of one witness in all cases, except perjury and treason.

**256.** Any court may convict any accused of any offence alleged against him in the charge, on the single evidence of any competent and credible witness: Provided that no court shall—

(*a*) convict any accused of perjury on the evidence of any one witness, unless in addition to and independent of the evidence of such witness, some other competent and credible evidence as to the falsity of the statement which forms the subject of the charge is given to such court; or

(*b*) convict any accused of treason except upon the evidence of two witnesses where one overt act is charged, or where two or more overt acts are so charged, upon the evidence of one witness to each such overt act.".

Substitution of section 257 of Act 56 of 1955.

**23.** The following section is hereby substituted for section 257 of the principal Act:

"Conviction on single evidence of accomplice if the offence is proved *aliunde*.

**257.** Any court may convict any accused of any offence alleged against him in the charge on the single evidence of any accomplice, provided the offence has, by competent evidence, other than the single and unconfirmed evidence of the accomplice, been proved to the satisfaction of such court to have been actually committed.".

Amendment of section 258 of Act 56 of 1955, as amended by section 15 of Act 9 of 1968.

**24.** Section 258 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Any court may convict an accused of any offence alleged against him in the charge by reason of any confession of that offence proved to have been made by him, although the confession is not confirmed by any other evidence, provided the offence has, by competent evidence other than such confession, been proved to have been actually committed.".

Amendment of section 279 of Act 56 of 1955.

**25.** Section 279 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) It shall not, on the trial of a person charged with an offence referred to in subsection (1), be necessary to prove the theft by the accused of any specific sum of money or specific goods or articles if, on the examination of the books of account or entries kept or made by him or kept or made

'n misdryf wat deur die getuienis by die voorlopige ondersoek afgeneem aan die lig gebring is, word die beskuldigde voor 'n hoërhof wat regsbevoegdheid het, verhoor.".

Wysiging van artikel 205 van Wet 56 van 1955.

**20.** Artikel 205 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Iemand wat verhoor is op 'n aanklag dat hy so 'n misdryf gepleeg het, word nie daarna weens die misdryf aldus deur die getuienis bewys, vervolg nie.".

Vervanging van artikel 248 van Wet 56 van 1955.

**21.** Artikel 248 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Getuienis van egtheid van betwiste geskrifte.

**248.** Vergelyking van 'n betwiste geskrif met 'n geskrif wat tot voldoening van die hof bewys is eg te wees, kan deur getuies gedoen word, en sulke geskrifte en die getuienis van 'n getuie met betrekking daartoe kan aan die hof voorgelê word as getuienis van die egtheid of andersins van die betwiste geskrif.".

Vervanging van artikel 256 van Wet 56 van 1955.

**22.** Artikel 256 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Genoegsaamheid van 'n enkele getuie in alle sake behalwe meineed en hoogverraad.

**256.** 'n Hof kan 'n beskuldigde weens enige misdryf wat hom in die aanklag ten laste gelê word, op die enkele getuienis van 'n bevoegde en geloofwaardige getuie skuldig bevind: Met dien verstande dat geen hof—

(*a*) 'n beskuldigde weens meineed op die getuienis van 'n enkele getuie skuldig bevind nie, tensy daar benewens en onafhanklik van die getuienis van so 'n getuie, ander bevoegde en geloofwaardige getuienis betreffende die valsheid van die verklaring wat die onderwerp van die aanklag uitmaak, aan bedoelde hof voorgelê word; of

(*b*) 'n beskuldigde weens hoogverraad skuldig bevind nie, behalwe op die getuienis van twee getuies waar een handeling ten laste gelê word, of waar twee of meer handelinge aldus ten laste gelê word, op die getuienis van een getuie op elke sodanige handeling.".

Vervanging van artikel 257 van Wet 56 van 1955.

**23.** Artikel 257 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Skuldigbevinding op enkele getuienis van mededader indien misdryf *aliunde* bewys word.

**257.** 'n Hof kan 'n beskuldigde weens enige misdryf wat hom in die aanklag ten laste gelê word, op die enkele getuienis van 'n mededader skuldig bevind, mits dit deur ander bevoegde getuienis as die enkele en onbekragtigde getuienis van die mededader tot oortuiging van die hof bewys word dat die misdryf werklik gepleeg is.".

Wysiging van artikel 258 van Wet 56 van 1955, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 9 van 1968.

**24.** Artikel 258 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) 'n Hof kan 'n beskuldigde weens enige misdryf wat hom in die aanklag ten laste gelê word, skuldig bevind op grond van 'n bekentenis van daardie misdryf wat hy volgens bewys gedoen het, alhoewel die bekentenis nie deur ander getuienis bekragtig word nie, mits dit deur ander bevoegde getuienis as bedoelde bekentenis bewys word dat die misdryf werklik gepleeg is.".

Wysiging van artikel 279 van Wet 56 van 1955.

**25.** Artikel 279 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Dit is nie by die verhoor van 'n persoon op 'n aanklag van 'n in subartikel (1) bedoelde misdryf nodig om die diefstal deur die beskuldigde van 'n bepaalde geldsom of bepaalde goedere of artikels te bewys nie indien 'n algemene tekort deur die ondersoek van die rekeningboeke

in, under, or subject to his charge or supervision, or by any other evidence, there is proof of a general deficiency, and if the court is satisfied that the accused stole the money so deficient or any part of it or the deficient goods or articles or any part thereof.".

**Substitution of section 280 of Act 56 of 1955, as substituted by section 27 of Act 92 of 1963.**

**26.** The following section is hereby substituted for section 280 of the principal Act:

"Evidence on charges relating to seals and stamps.

**280.** On the trial of a person charged with any offence relating to any seal or stamp used for the purposes of the public revenue or of the post office in any foreign country, a despatch from the officer administering the government of such country, transmitting to the State President any stamp, mark or impression, and stating it to be a genuine stamp, mark or impression of a die plate or other instrument provided, made or used by or under the direction of the proper authority of such country, for the purpose of denoting any stamp duty or postal charge, shall be admissible as evidence of the facts stated in the despatch, and the stamp, mark or impression so transmitted may be used by the court or witnesses for the purposes of comparison.".

**Amendment of section 303 of Act 56 of 1955.**

**27.** Section 303 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) If such person does not admit that he has been so convicted and has not admitted it at the preparatory examination in the manner prescribed in section 69, the court shall determine the truth as to the alleged previous convictions which the accused has not admitted in the manner aforesaid."; and

(*b*) by the deletion of subsection (3).

**Amendment of section 312 of Act 56 of 1955, as amended by section 34 of Act 92 of 1963.**

**28.** Section 312 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*b*) of subsection (3) of the following paragraph:

"(*b*) An order under paragraph (*a*) may be made either before or in the course of any trial.".

**Amendment of section 330 of Act 56 of 1955, as amended by section 25 of Act 16 of 1959 and section 10 of Act 96 of 1965.**

**29.** Section 330 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the proviso to subsection (1) of the following proviso:

"Provided that where a woman is convicted of the murder of her newly born child, or where a person under eighteen years of age is convicted of murder or where the court, in convicting the accused of murder, is of opinion that there are extenuating circumstances, the court may impose any sentence other than the death sentence.".

**Amendment of section 363 of Act 56 of 1955, as substituted by section 24 of Act 9 of 1968.**

**30.** Section 363 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for all the words preceding paragraph (*a*) of the following words:

"An accused convicted of any offence before a superior court may, within a period of fourteen days of the passing of any sentence as a result of such conviction, or within such extended period as may on application (in this section referred to as an application for condonation) on good cause be allowed, apply—".

of aantekeninge wat deur hom of onder of onderworpe aan sy bewaring of toesig gehou of gedoen is, of deur ander getuienis, bewys word, en indien die hof oortuig is dat die beskuldigde die bedrag van bedoelde tekort aan geld of 'n gedeelte daarvan of 'n tekort aan die goedere of artikels of 'n gedeelte daarvan gesteel het.".

**26.** Artikel 280 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 280 van Wet 56 van 1955, soos vervang deur artikel 27 van Wet 92 van 1963.

„Getuienis op aanklagtes met betrekking tot seëls en stempels.

**280.** By die verhoor van 'n persoon op 'n aanklag van 'n misdryf met betrekking tot 'n seël of stempel wat in enige vreemde land vir die doeleindes van die openbare inkomste of van die poskantoor gebruik word, is 'n nota van die amptenaar belas met die administrasie van die regering van daardie land, waarby aan die Staatspresident 'n stempel, merk of afdruk deurgestuur word en waarin verklaar word dat dit 'n egte stempel, merk of afdruk is van 'n stempelplaat of ander instrument wat deur of onder toesig van die bevoegde gesag van daardie land verstrek, gemaak of gebruik word vir die aanduiding van enige seëlreg of posgeld, toelaatbaar as getuienis van die feite wat in die nota genoem word, en die stempel, merk of afdruk aldus deurgestuur, kan deur die hof of getuies vir vergelykingsdoeleindes gebruik word.".

**27.** Artikel 303 van die Hoofwet word hierby gewysig—

Wysiging van artikel 303 van Wet 56 van 1955.

(*a*) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Indien so iemand nie erken dat hy aldus skuldig bevind is nie en dit nie by die voorlopige ondersoek op die by artikel 69 voorgeskrewe wyse erken het nie, moet die hof die waarheid omtrent die beweerde vorige skuldigbevindings wat die beskuldigde nie op voormelde wyse erken het nie, vasstel."; en

(*b*) deur subartikel (3) te skrap.

**28.** Artikel 312 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (*b*) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

Wysiging van artikel 312 van Wet 56 van 1955, soos gewysig deur artikel 34 van Wet 92 van 1963.

„(*b*) 'n Bevel ingevolge paragraaf (*a*) kan òf voor òf in die loop van 'n verhoor uitgereik word.".

**29.** Artikel 330 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling van subartikel (1) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

Wysiging van artikel 330 van Wet 56 van 1955, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 16 van 1959 en artikel 10 van Wet 96 van 1965.

„Met dien verstande dat wanneer 'n vrou skuldig bevind word aan moord op haar pasgebore kind of wanneer iemand onder die ouderdom van agtien jaar aan moord skuldig bevind word, of waar die hof, by skuldigbevinding van die beskuldigde aan moord, van oordeel is dat daar versagtende omstandighede is, die hof 'n ander vonnis as die doodvonnis kan oplê.".

**30.** Artikel 363 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) al die woorde wat aan paragraaf (*a*) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

Wysiging van artikel 363 van Wet 56 van 1955, soos vervang deur artikel 24 van Wet 9 van 1968.

„'n Beskuldigde wat voor 'n hoërhof aan 'n misdryf skuldig bevind word, kan binne 'n tydperk van veertien dae vanaf die oplegging van vonnis ten gevolge van so 'n skuldigbevinding, of binne so 'n langer tydperk as wat op aansoek (in hierdie artikel 'n aansoek om kondonasie genoem) om gegronde redes toegelaat word—".

**Act No. 34, 1969** ABOLITION OF JURIES ACT, 1969.

Amendment of section 364 of Act 56 of 1955, as substituted by section 25 of Act 9 of 1968.

**31.** Section 364 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) If an accused thinks that any of the proceedings in connection with or during his trial before a superior court are irregular or not according to law, he may, either during his trial or within a period of fourteen days after his conviction, or within such extended period as may upon application (in this section referred to as an application for condonation) on good cause be allowed, apply for a special entry to be made on the record (in this section referred to as an application for a special entry) stating in what respect the proceedings are alleged to be irregular or not according to law and such a special entry shall, upon such application for a special entry, be made unless the court to which or the judge to whom the application for a special entry is made is of opinion that the application is not made *bona fide*, or that it is frivolous or absurd, or that the granting of the application would be an abuse of the process of the Court.".

Amendment of section 370 of Act 56 of 1955.

**32.** Section 370 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the proviso to the said section of the following proviso:

"Provided that no judge or judicial officer before whom the original trial took place shall take part in such proceedings.".

Amendment of section 21 of Act 76 of 1962, as amended by section 19 of Act 62 of 1966.

**33.** Section 21 of the General Law Amendment Act, 1962, is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (*a*) of subsection (4) of the following paragraph:

"(*a*) any person accused of having committed the offence of sabotage shall be tried before a superior court;"; and

(*b*) by the substitution for paragraph (*f*) of the said subsection of the following paragraph:

"(*f*) no person shall on conviction of the offence of sabotage be dealt with under section 342, 345 or 352 of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act No. 56 of 1955);".

Amendment of section 5 of Act 83 of 1967.

**34.** Section 5 of the Terrorism Act, 1967, is hereby amended by the substitution for paragraph (*a*) of the following paragraph:

"(*a*) any person charged in the Republic with having committed an offence under this Act, shall be tried before a superior court;".

Repeal of laws and savings.

**35.** (1) The laws specified in the Schedule are hereby repealed to the extent set forth in the third column thereof.

(2) Notwithstanding the repeal or amendment of any provision of any law by this Act, such provision shall, for the purpose of the disposal of any criminal proceedings in which any person has, before the commencement of this Act, been committed for trial, remain in force as if such provision had not been repealed or amended.

Short title.

**36.** This Act shall be called the Abolition of Juries Act, 1969.

**31.** Artikel 364 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 364 van Wet 56 van 1955, soos vervang deur artikel 25 van Wet 9 van 1968.

„(1) Indien 'n beskuldigde meen dat enige van die verrigtinge in verband met of gedurende sy verhoor voor 'n hoërhof onreëlmatig of met die reg strydig is, kan hy òf gedurende sy verhoor òf binne 'n tydperk van veertien dae na sy skuldigbevinding òf binne die langer tydperk wat op aansoek (in hierdie artikel 'n aansoek om kondonasie genoem) om gegronde redes toegelaat word, aansoek doen dat op die notule 'n spesiale aantekening aangebring word (in hierdie artikel 'n aansoek om 'n spesiale aantekening genoem) wat vermeld in watter opsig die verrigtinge na bewering onreëlmatig of met die reg strydig is, en op so 'n aansoek om 'n spesiale aantekening word so 'n spesiale aantekening gemaak tensy die hof waaraan of die regter aan wie die aansoek om 'n spesiale aantekening gerig word, van oordeel is dat die aansoek nie te goeder trou gedoen word nie, of dat dit beuselagtig of onsinnig is, of dat die toestaan van die aansoek op 'n misbruik van geregtelike proses sal neerkom.".

**32.** Artikel 370 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling van bedoelde artikel deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

Wysiging van artikel 370 van Wet 56 van 1955.

„Met dien verstande dat geen regter of regterlike amptenaar voor wie die oorspronklike verhoor gedien het, aan sodanige verrigtinge mag deelneem nie.".

**33.** Artikel 21 van die Algemene Regswysigingswet, 1962, word hierby gewysig—

Wysiging van artikel 21 van Wet 76 van 1962, soos gewysig deur artikel 19 van Wet 62 van 1966.

(*a*) deur paragraaf (*a*) van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*a*) word 'n persoon wat daarvan beskuldig word dat hy die misdryf van sabotasie gepleeg het, voor 'n hoërhof verhoor;"; en

(*b*) deur paragraaf (*f*) deur die volgende paragraaf te vervang:

(*f*) word daar by skuldigbevinding aan die misdryf van sabotasie met geen persoon kragtens artikel 342, 345 of 352 van die Strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955), gehandel nie;".

**34.** Artikel 5 van die Wet op Terrorisme, 1967, word hierby gewysig deur paragraaf (*a*) deur die volgende paragraaf te vervang:

Wysiging van artikel 5 van Wet 83 van 1967.

„(*a*) word 'n persoon wat in die Republiek aangekla word dat hy 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg het voor 'n hoërhof verhoor;".

**35.** (1) Die wette in die Bylae vermeld, word hierby herroep vir sover in die derde kolom daarvan aangetoon.

Herroeping van wette en voorbehoud.

(2) Ondanks die herroeping of wysiging van enige bepaling van enige wet deur hierdie Wet, bly sodanige bepaling, vir die doeleindes van die afhandeling van enige strafsaak waarin 'n persoon voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ter strafsitting verwys is, van krag asof sodanige bepaling nie herroep of gewysig is nie.

**36.** Hierdie Wet heet die Wet op die Afskaffing van Juries, 1969.

Kort titel.

## Schedule.

LAWS REPEALED.

| No. and year of Law. | Title. | Extent of Repeal. |
|---|---|---|
| Act No. 20 of 1931 | Female Jurors Act, 1931 .. | The whole. |
| Act No. 32 of 1952 | General Law Amendment Act, 1952. | Section 10. |
| Act No. 21 of 1954 | Criminal Procedure and Jurors Amendment Act, 1954. | Section 17. |
| Act No. 56 of 1955 | Criminal Procedure Act, 1955... | Section 111, Chapter IX and section 184 |
| Act No. 50 of 1956 | General Law Amendment Act, 1956. | Section 26. |
| Act No. 16 of 1959 | Criminal Law Amendment Act, 1959. | Sections 12, 13 and 14. |
| Act No. 39 of 1961 | General Law Amendment Act, 1961. | Section 5. |
| Act No. 92 of 1963 | Criminal Procedure Amendment Act, 1963. | Sections 11 and 12. |

## Bylae.

WETTE HERROEP.

| No. en jaar van Wet. | Titel. | In hoeverre herroep. |
|---|---|---|
| Wet No. 20 van 1931 | Vrouejurie-Wet, 1931 .. .. | Die geheel. |
| Wet No. 32 van 1952 | Algemene Regswysigingswet, 1952. | Artikel 10. |
| Wet No. 21 van 1954 | Wysigingswet op Kriminele Prosedure en Juries, 1954. | Artikel 17. |
| Wet No. 56 van 1955 | Strafproseswet, 1955 .. .. | Artikel 111, Hoofstuk IX en artikel 184. |
| Wet No. 50 van 1956 | Algemene Regswysigingswet, 1956. | Artikel 26. |
| Wet No. 16 van 1959 | Wysigingswet op die Strafreg, 1959. | Artikels 12, 13 en 14. |
| Wet No. 39 van 1961 | Algemene Regswysigingswet, 1961. | Artikel 5. |
| Wet No. 92 van 1963 | Strafproseswysigingswet, 1963.. | Artikels 11 en 12. |

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LTD., CAPE TOWN—B43/14,500.
GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS BPK., KAAPSTAD—B43/14,500.